


# STUDENT,

## ontdek jou geldpersoonlikheid!

Beantwoord die volgende vrae en ontdek watter geldpersoonlikheid die beste by jou pas!

**www.solidariteit.co.za**



## Watter eienskap admireer jy die meeste in ander?

- Blou: Bedagsaamheid en introspeksie
- Geel: Innovasie en kreatiwiteit
- Rooi: Waagmoed en deursettingsvermoë
- Groen: Empatie en meegevoel

## Watse tipe boeke en flieks geniet jy die meeste?

- Blou: Speurverhale en geheimenisse
- Geel: Fantasie en verbeeldingryke verhale
- Rooi: Intense aksieflieks en rillers
- Groen: Betekenisvolle dramas en dokumentêre

## Watter een van hierdie sterkpunte sal jou vriende en familie kies om jou te beskryf?

- Blou: Kundig en bekwaam, detailgeoriënteerd, deeglik en betroubaar
- Geel: Vinnig om verhoudings te bou, vriendelik, sosiaal en aanpasbaar
- Rooi: Vol selfvertroue, hou van uitdagings, beïnvloed ander
- Groen: Bou diep verhoudings, natuurlike luisteraar, geduldig en warm

## Watter kwaliteit sal jy as jou grootste swakpunt beskryf?

- Blou: My gewoonte om uit te stel
- Geel: Ek praat te veel en deel te veel van my persoonlike emosies
- Rooi: Ek kan onsensitief teenoor ander wees
- Groen: My swak selfbeeld

## Sal jy jouself sosiaal as 'n introvert of ekstrovert beskryf?

- Blou: Introvert - hou daarvan om met ander te kommunikeer, maar raak moeg en het tyd nodig om te herlaai
- Geel: Ambivert - ek balanseer tussen introversie en ekstroversie
- Rooi: Ekstrovert - hou daarvan om met ander in interaksie te tree, dit gee my energie
- Groen: Dit hang totaal af van die situasie waarin ek my bevind

## Hoe goed kan jy luister?

- Blou: Ek luister deeglik en vra vrae totdat ek verstaan
- Geel: Ek luister net as dit iets is wat my interesseer
- Rooi: Ek is nie 'n baie goeie luisteraar nie
- Groen: Ek is 'n baie goeie luisteraar

## Watse vorm van kommunikasie verkies jy?

- Blou: Geskrewe kommunikasie met baie besonderhede
- Geel: Verbale kommunikasie, verkies visuele ondersteuning
- Rooi: Vinnige verbale kommunikasie met selfvertroue
- Groen: In-persoon verbale kommunikasie met tyd om te dink

## Watse omgewing laat jou die meeste op jou gemak voel?

- Blou: Rustige en stil landskappe
- Geel: Kreatiewe en kunstige spasies
- Rooi: Besige en raserige stede
- Groen: Natuurlike en welige omgewings

## Watse tipe sosiale byeenkomste geniet jy?

- Blou: Piekrieks en buitelug byeenkomste met geliefdes
- Geel: Kunsuitstallings en kreatiewe werkwinkels
- Rooi: Energieke partytjies en geleenthede
- Groen: Rustige aandetes met naby vriende

## Hoe benader jy situasies wat probleemoplossing vereis?

- Blou: Ek analiseer die situasie en vind 'n logiese oplossing
- Geel: Ek dink kreatief en buite die boks
- Rooi: Ek neem dapper en gewaagde aksies
- Groen: Ek soek harmonie en konsensus

BESLIS GERUS GEWILD RASEND

**Is jy 'n GEWILDE GEEL, 'n RASENDE ROOI, 'n BESLISTE BLOU of 'n GERUSTE GROEN?**

Gaan kyk die Geldpersoonlikheid-video op die Studentelewegroep op Solidariteit om uit te vind wat jou kleur beteken!